basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V2

## NOVEMBER 2016

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit:

   AFDELING A (25 punte)
   AFDELING B (75 punte)
   AFDELING C (50 punte)

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

5. MOENIE in die regterkantlyn van die ANTWOORDEBOEK skryf NIE.

6. Laat 'n reël oop na ELKE subvraag.

7. Daar word gewoonlik 'n punt per feit toegeken. Dus sal 'n 2 punt-vraag TWEE feite vereis, ensovoorts.

8. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A

### VRAAG 1: MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf die vraagnommer (1.1–1.10) neer, kies die antwoord en maak 'n kruisie (X) oor die letter (A–D) van jou keuse in die ANTWOORDEBOEK.

VOORBEELD:

1.1.11 [ A ] [ B ] [ C ] [ ~~D~~ ]

1.1 'n Lêer wat op 'n hardeskyf uitgevee ('delete') is, kan uit die … herstel word.

A taakbalk ('taskbar')
B herwinningsdrom ('Recycle Bin')
C 'My Documents'-lêergids
D toep('Apps')-lêergids (1)


1.2 Watter EEN van die volgende lêers sal die waarskynlikste direk in die 'Paint'-program oopmaak indien dit gedubbelklik word?

A Agenda.tiff
B Data.mpeg
C Grafiek.xlsx
D Prent.mp3 (1)

1.3 Die 'Snipping Tool'-hulpprogram ('accessory') word gebruik om …

A die resolusie van foto's te verlaag.
B lêers saam te pers.
C skermkopieë te maak.
D lêers tussen lêergidse rond te skuif. (1)

1.4 Wat dui die 'regmerkie'-simbool by drukkerikoon **1** aan?




A Die drukker se drywers is opgedateer.
B Dit is die verstekdrukker ('default printer').
C Dit is 'n multifunksie('multifunction')-drukker.
D Die drukkersagteware is vir virusse nagegaan. (1)

1.5 Watter maatskappy vervaardig bedryfstelsels soos Jelly Bean, KitKat en Lollipop?

A Apple
B Google
C Microsoft
D Avast (1)

1.6 Wat beteken dit as die aanwyser/ikoon hieronder op die skerm verskyn?



A Die luidsprekers is ontkoppel.
B Die mikrofoonkonneksie is gedeaktiveer.
C Die toeganklikheidseienskappe ('accessibility features') vir gestremde gebruikers is geaktiveer.
D Die klank is gedemp ('mute') of 'geblok'. (1)

1.7 Die *beste* manier om 'n baie groot lêer met baie gebruikers oor die Internet te deel, is 'n ...

A USB-flitsskyf ('flash drive').
B e-posaanhegsel ('attachment')
C wolkbergingsfasiliteit.
D faksmasjien. (1)

1.8 Watter EEN van die volgende velde in 'n databasistabel, wat rekords van hoërskoolleerders stoor, is die *mees gepaste* veld waarop 'n bestekwaarde ('default value') gestel kan word?

A Huistaal
B Van
C Adres
D Telefoonnommer (1)

1.9 Watter EEN van die volgende is die *waarskynlikste* rede waarom dit nodig mag wees om absolute adressering ('absolute addressing') in 'n sigblad te gebruik?

A Wanneer 'n grafiek in 'n aparte werkblad geskep word
B Wanneer die spesialeplak('paste special')-opsie gebruik word
C Wanneer enige datum- of tydfunksie gebruik word
D Wanneer 'n formule of funksie na ander selle gekopieer word (1)

1.10 Watter EEN van die volgende verwys na 'n metode of tegniek wat gebruik kan word om foutopsporing ('troubleshooting') van sagteware- en hardeware-probleme op 'n rekenaar te doen?

A Veilige modus ('safe mode')
B Hibernasie ('hibernation')
C Inprop-en-speel ('plug-and-play')
D Rugsteun ('backup') (1)
**[10]**

## VRAAG 2: PASITEMS

Kies 'n term/begrip uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–S) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 2.11 T.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.1 | 'n Voorbeeld van 'n gewilde, gratis, *aanlyn* kantoorpakket | A | nutsprogramme ('utilities') |
| | | B | BPM ('PPM') |
| 2.2 | 'n Funksie wat as alternatief gebruik kan word vir die 'RIGHT'- en/of 'LEFT'-sigbladfunksie | C | uitvissing ('phishing') |
| | | D | Google Docs |
| 2.3 | Die algemene sagtewareklas waaronder Trojane en wurms val | E | kommentaar |
| 2.4 | 'n Webtuiste wat 'n persoon se lewe, opinies en belangstellings in die vorm van video's dokumenteer | F | kuberafknouery ('cyberbullying') |
| | | G | ETG ('RAM') |
| 2.5 | 'n Woordverwerkingseienskap ('word processing feature') wat elke gebruiker se bydraes of veranderinge aan die inhoud van 'n gedeelde ('shared') dokument toon | H | SPD ('DPI') |
| | | I | opsoekgidsprogram ('lookup wizard') |
| 2.6 | 'n Toestel wat gebruik kan word om data permanent te stoor | J | Google Chrome |
| 2.7 | 'n Moontlike maatskaplike probleem wat met sosialenetwerk-webtuistes geassosieer word | K | stroming ('streaming') |
| | | L | tussentydse databuffering ('spooling') |
| 2.8 | Die proses waar gebruikers herlei word na 'n ander webtuiste as die een waarvan hulle die adres in die webblaaier ingesleutel het | M | LEN |
| | | N | veranderingspoor ('track changes') |
| 2.9 | Die eenheid waarin die gehalte van drukwerk gemeet word | O | VTA ('SSD') |
| 2.10 | 'n Databasis-ontwerpeienskap ('design feature') wat 'n lys opsies skep waaruit die gebruiker kan kies wanneer data in 'n veld ingevoer word | P | vlog |
| | | Q | skimkaping ('pharming') |
| | | R | kwaadwillige sagteware ('malware') |
| | | S | MID |

(10 x 1) **[10]**

## VRAAG 3: WAAR/ONWAAR-ITEMS

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer. Korrigeer die stelling indien dit ONWAAR is. Verander die onderstreepte woord(e) om die stelling WAAR te maak. (Jy mag nie maar net die woord 'NIE' gebruik om die stelling te verander nie. GEEN punt sal toegeken word indien slegs ONWAAR neergeskryf word NIE.)

**VOORBEELDE:**

| VRAAG | ANTWOORD |
|---|---|
| Google is die wêreld se gewildste soekenjin. | Waar |
| 'n NKK ('NIC') het gleuwe vir hardeware-komponente soos die SVE ('CPU'). | Onwaar – moederbord |

3.1 Die inhoud van HTML-merkers kan kabelloos ('wireless') gelees word en word gereeld in langafstandfietswedrenne en -padwedlope gebruik waartydens die merkers deur deelnemers gedra word. (1)

3.2 'n Blog is 'n area in 'n plek soos 'n kafee, hotel of lughawe waar mense met toestelle wat Wi-Fi-geaktiveerd is, aan die Internet kan koppel. (1)

3.3 'n Hiperskakel kan gebruik word om op webblaaie en webtuistes te navigeer. (1)

3.4 GoPro is 'n vervaardiger van drabare aksiekameras wat gereeld gebruik word om die aksie in sport af te neem. (1)

3.5 Plagiaat verwys na die wetlike regte van die gebruiker of skepper ten opsigte van die gebruik en verspreiding van sy/haar eie werk. (1)
**[5]**

**TOTAAL AFDELING A: 25**

## AFDELING B

## VRAAG 4: STELSELTEGNOLOGIEË

4.1 Aan watter tipe of kategorie toepassingsagteware behoort Microsoft Edge en Mozilla Firefox? (1)

4.2 Gee TWEE redes waarom jy die hardeware van jou rekenaar sou wou of moet opgradeer, behalwe wanneer hardeware onklaar raak. (2)

4.3 Noem TWEE maniere waarop 'n gebruiker sagteware op 'n rekenaar wat nie 'n optiese aandrywer het nie, kan installeer. (2)

4.4 Gee TWEE moontlike *nadele* daarvan om na 'n nuwer weergawe van 'n kantoorpakket op te gradeer, *behalwe* vir enige addisionele koste betrokke. (2)

4.5 Gee TWEE voordele daarvan om 'HDMI'-tegnologie in plaas van 'VGA'-tegnologie te gebruik. (2)

4.6 Noem TWEE waardevolle tipes inligting wat 'POS'(verkooppunt)('point-of-sale')-stelsels aan winkeleienaars verskaf. (2)

4.7 'n Karakter het herhaaldelik, sonder toevoer vanaf die gebruiker, in 'n dokument begin verskyn.

Stel TWEE maniere voor waarop hierdie probleem opgelos kan word. (2)

4.8 Gee die sleutelbordkortpad-sleutelkombinasies (byvoorbeeld CTRL+F1) vir elk van die volgende take:

4.8.1 Selekteer al die teks in 'n dokument. (1)

4.8.2 Beweeg na die 'vorige' kontrole (die een voor die een wat jy tans besigtig) op 'n vorm. (1)

4.9 Wanneer jy 'n rekenaar opstel, word jy gereeld aangeraai om 'n nuwe rekening ('account') te skep en te gebruik en nie die verstek('default')-'Administrator'-rekening nie, behalwe wanneer dit spesifiek vereis word.

Gee TWEE redes waarom dit goeie praktyk is. (2)

4.10 'n Vriend het baie vinnig die volgende spesifikasies van 'n rekenaar wat hy in 'n advertensie gesien het, neergeskryf en dit aan jou gestuur:

- Intel Core i5 1.7 MHz
- 4 GG ('GB') ETG ('RAM')
- 1.56"
- Windows 9 (64 bis)
- 500 GG ('GB') HDD
- USB 3.0
- Bluetooth 4.0

Identifiseer die spesifikasies wat definitief VERKEERD is deur te motiveer wat met elkeen fout is. Jy mag die korrekte spesifikasies as deel van jou motivering gee.

**LET WEL:** Geen punte sal toegeken word indien slegs die verkeerde spesifikasies sonder 'n gepaste motivering neergeskryf word nie. (2)

4.11 'n Vriend was besig om 'n lêer te probeer oopmaak toe 'n boodskap verskyn wat voorstel dat hy 'n toep in die winkel soek ('Look for an app in the Store').

Verduidelik wat 'n *toepwinkel ('app store')* is *en* hoekom dit in hierdie konteks gebruik sal word. (2)

4.12 Gee TWEE redes waarom dit nodig is om 'n bedryfstelsel opgedateer te hou. (2)

4.13 Noem TWEE maniere waarop 'n virusinfeksie voorkom kan word, *behalwe* die opdatering van geïnstalleerde antivirussagteware. (2)
**[25]**

## VRAAG 5: INTERNET- EN NETWERKTEGNOLOGIEË

5.1 As wat staan die '802.11'-kommunikasietegnologie of -standaard beter bekend? (1)

5.2 Verduidelik wat die algemene funksie van 'n netskans ('firewall') is. (2)

5.3 Noem TWEE Internettegnologieë wat gebruik kan word om 'n maatskappy se maandelikse telefoonrekening te verlaag. (2)

5.4 Gee TWEE voordele vir 'n gebruiker wanneer 'n toep ('app') op 'n foon in plaas van 'n webblaaier gebruik word om toegang tot 'n bank se webwerf of Facebook te kry. (2)

5.5 Verduidelik kortliks wat *lêersinchronisering ('file synching'/'file sinchronisation')* is *en* hoekom dit so nuttig is. (2)

5.6 Noem TWEE maniere waarop webtuistes of Internetdienste jou toelaat om weer toegang tot jou bestaande rekening te kry indien jy jou wagwoord verloor het. (2)

5.7 Stel TWEE realistiese maniere voor waarop jy kan verseker dat die datalimiet ('cap') van jou Internet die hele maand hou, sonder dat jy die hoeveelheid tyd verminder wat jy op die Internet spandeer. (2)

5.8 Die boekmerke/gunstelinge ('bookmarks'/'favourites') en geskiedenis('history')-eienskappe op webblaaiers kan gebruik word om 'n webtuiste te vind wat voorheen besoek is.

Gee TWEE redes waarom dit beter mag wees om die boekmerke/gunstelinge ('bookmarks'/'favourites')-eienskap te gebruik om 'n webtuiste te 'onthou' wat voorheen besoek is, in plaas daarvan om die geskiedenis('history')-funksie te gebruik. (2)

**[15]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 6: INLIGTINGSBESTUUR

6.1 Die volgende item het in 'n vraelys verskyn:

*Vul asseblief u geboortedatum in:* ☐

Gee TWEE kritiese opmerkings oor die *uitleg en formaat* van hierdie item in die vraelys. (2)

6.2 Wat word gewoonlik deur 'n asterisk ('*')-karakter aangedui op die etiket ('label') van 'n vorm waar jy data moet invoer (byvoorbeeld **Name *** of **Address** *)? (1)

6.3 'n Aanlynopname met die volgende 'URL' is geskep:

<u>www.myforms/mydocuments/dp/B003FSUDM4/3Mdp/Y27P3M/survey.html</u>

Verduidelik waarom jy 'n 'URL'-verkortingsdiens soos TinyURL sal gebruik *en* noem die hoofvoordeel van die gebruik van so 'n diens. (2)

6.4 Wanneer is 'n aanlynopname miskien NIE die beste opsie NIE indien die teikengroep (die mense wat die opname moet beantwoord) in gedagte gehou word? (1)

6.5 Gee TWEE moontlike voordele van die gebruik van navrae ('queries') in plaas van filters in 'n databasis. (2)

6.6 Noem EEN motivering vir die insluiting van 'n vraag oor 'n respondent se *geslag* by 'n vraelys oor sosiale media. (1)

6.7 Een van die kriteria wat gebruik word om die gehalte van inligting op 'n webtuiste na te gaan, is om te kyk na die datum waarop dit gepubliseer of laas opgedateer is.

Beskryf kortliks EEN situasie waar hierdie kriterium NIE 'n belangrike faktor sal wees NIE. (1)
**[10]**

## VRAAG 7: SOSIALE IMPLIKASIES

7.1 Verduidelik kortliks *hoe* 'n webblad of diens soos Kickstarter.com werk om finansieel vir entrepreneurs of nuwe maatskappye voordelig te wees. (2)

7.2 Die geo-etikettering('geo-tagging')-funksie van moderne kameras is nuttig vir vakansiegangers en toeriste.

Verduidelik wat hierdie stelling beteken deur te verduidelik wat *geo-etikettering ('geo-tagging')* is. (2)

7.3 Noem TWEE algemene drukopsies wat in die meeste programme voorsien word, wat gebruik kan word om groen rekenarisering te bevorder. (2)

7.4 Rekenaars kan op 'n afstand ('remotely') deur misdadigers beheer word.

7.4.1 Wat is die algemene naam vir 'n groep rekenaars wat oorgeneem is en op 'n afstand deur misdadigers beheer word? (1)

7.4.2 Gee EEN voorbeeld van 'n kriminele of kwaadwillige taak wat hierdie groepe rekenaars kan uitvoer. (1)

7.5 Gee TWEE moontlike *nadele* van e-leer ('e-learning') wanneer dit vergelyk word met die tradisionele klaskamerbenadering, behalwe vir enige kostefaktore. (2)

**[10]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 8: OPLOSSINGONTWIKKELING

8.1 Gee 'n algemene naam vir 'n HTML-element soos '<h1>' of '</b>'. (1)

8.2 Verduidelik hoekom webblaaie verkieslik NIE in 'TXT'-formaat gestoor moet word NIE. (1)

8.3 Verduidelik waarom die kode vir die volgende HTML horisontale lyn NIE die lyn se wydte outomaties vir verskillende skermgroottes sal aanpas nie:

<hr width="600"> (1)

8.4 Verduidelik die verskil tussen *selspasiëring ('cell spacing')* en *selafwerking ('cell padding')* in tabelle in woordverwerkingsdokumente en HTML-blaaie. (2)

8.5 Verduidelik wat die verskil in die resultaat sal wees indien die AVG-funksie in 'n *groeponderskrif ('group footer')* in plaas van die *verslagonderskrif ('report footer')* in 'n databasisverslag gebruik sou word. (2)

8.6 Wat is die doel of funksie van 'n saamvoegveld ('merge field') in 'n possaamvoegdokument? (1)

8.7 Verduidelik wat *valideringsteks ('validation text')* in die konteks van 'n databasistabel is. (2)

8.8 'n Franse frase ('De meilleures compétences') is in 'n woordverwerkingsdokument ingesleutel.

8.8.1 Hoe sal jy die 'é'-karakter insleutel of invoeg indien dit NIE op die sleutelbord verskyn NIE? (1)

8.8.2 Noem TWEE maniere waarop jy kan voorkom dat die Franse frase as 'n spel- of taalfout aangedui word. (2)

8.9 Die volgende funksie is in 'n sigblad gebruik:

**=COUNTIF(A4:A7,"A*")**

Verduidelik die funksie of doel van die asterisk ('*') in die funksie deur te verduidelik wat die funksie sal doen (met ander woorde, wat die 'antwoord' sal verteenwoordig). (2)
**[15]**

**TOTAAL AFDELING B: 75**

## AFDELING C: GEÏNTEGREERDE SCENARIO'S

## VRAAG 9

'n Nuwe hospitaal is onlangs in jou buurt gebou. Die hospitaal gaan 'n verskeidenheid tegnologieë gebruik om dienslewering te verbeter en om meer effektief te funksioneer.

9.1 Dokters sal slimfone of tabletrekenaars gebruik om inligting aan te teken wanneer hulle pasiënte besoek. Al die inligting sal sentraal op 'n bediener gestoor word.

9.1.1 Noem TWEE voordele daarvan om hierdie vorderingsverslae elektronies beskikbaar te hê, in plaas daarvan om handgeskrewe verslae te gebruik. (2)

9.1.2 Noem TWEE maniere waarop rekords *direk* vanaf die slimfone of tabletrekenaars oorgedra en op die bediener gestoor kan word, selfs wanneer die netwerk nie werk nie. (2)

9.2 Apteekrekords sal vanuit sigbladlêers na 'n sentrale databasis *ingevoer ('import')* word.

9.2.1 Wat is die algemene doel of gebruik van 'n invoerfunksie? (1)

9.2.2 'n Gidsprogram ('wizard') word gebruik om die gebruiker deur die invoerproses te help. Verduidelik kortliks wat 'n *gidsprogram ('wizard')* in hierdie konteks is. (2)

9.2.3 Die invoergidsprogram ('import wizard') vertoon die volgende opsies:

- Import
- Append
- Link

Verduidelik wat die 'append'-opsie jou toelaat om te doen. (1)

9.3 Die personeel is gevra om die *pad ('path')* as 'n veld by te voeg in al die dokumente wat hulle op die bediener stoor.

9.3.1 Wat is 'n *pad ('path')* in hierdie konteks? (1)

9.3.2 Verduidelik die voordeel daarvan om die pad by te voeg in al die dokumente wat op die bediener gestoor word. (1)

9.3.3 Hoekom is dit belangrik om die pad as 'n *veld* by te voeg? (1)

9.4 Die hospitaalpersoneel sal die Internet en e-pos vir kommunikasie gebruik.

9.4.1 Stel TWEE riglyne voor wat die hospitaalpersoneel kan volg sodat hulle NIE slagoffers van uitvissing ('phishing') word NIE. (2)

9.4.2 Baie personeellede het 'n Gmail-e-posrekening met willekeurige syfers in die adres, byvoorbeeld JohnSmith999@gmail.com of XolaM1024@gmail.com.

Hoekom, dink jy, het soveel van die personeel syfers in hulle e-posadresse? (1)

9.5 Die hospitaalbestuur wil 'n administrasie-sagtewarepakket aankoop.

9.5.1 Die sagteware-ontwikkelaars het vir die hospitaal 'n proef('trial')-weergawe van 'n program gestuur.

Wat is die algemene naam wat gebruik word om sagteware te beskryf wat vir 'n proeftydperk gebruik kan word? (1)

9.5.2 Gee TWEE voordele daarvan om 'n proefweergawe van sagteware te gebruik voordat die volle weergawe geïnstalleer word. (2)

9.5.3 Die pakket voorsien 'n aantal template soos fakture, memorandums en agendas vir besighede.

Verduidelik kortliks wat 'n *templaat* is, asook *hoe* 'n mens dit sal gebruik. (2)

9.6 Die hospitaal oorweeg 'n BJET('BYOD')(bring jou eie toestel)-beleid wat personeel sal toelaat om hulle eie draagbare toestelle, soos slimfone, skootrekenaars en fablette ('phablets') saam te bring om op te werk en om toegang tot die hospitaal se netwerk te verkry.

9.6.1 Beskryf kortliks DRIE van die grootste moontlike tegniese probleme wat die hospitaal kan ondervind met die implementering van hulle BJET('BYOD')-beleid.

Moenie enige kosteverwante faktore by jou antwoord insluit nie. (3)

9.6.2 'n Instaanbediener ('proxy server') word ook vir toegang tot die Internet benodig.

Noem TWEE voordele van die gebruik van 'n instaanbediener, *behalwe* om eenvoudig Internettoegang te voorsien. (2)
**[24]**

## VRAAG 10

Jy en jou mede-RTT-leerders gaan jou RTT-onderwyser help om klasse aan te bied vir ouers wat wil leer hoe om sigblaaie of databasisse te gebruik.

10.1 Ouers sal vir die klasse registreer deur 'n e-pos na die RTT-onderwyser te stuur met die woord 'SIGBLAAIE' of 'DATABASISSE' in die onderwerpreël ('subject line').

10.1.1 Watter funksie van e-possagteware kan gebruik word om die e-posse outomaties volgens die kursus waarvoor hulle ingeskryf het, te groepeer of te skei? (1)

10.1.2 Die onderwyser het opgemerk dat hy party e-posse nie ontvang het nie, al is dit suksesvol deur die ouers gestuur.

Wat kon met hierdie e-posse gebeur het? (1)

10.2 'n YouTube-video wat 'n inleiding tot sigblaaie gee, is afgelaai, maar jy kan nie onthou wat die video se naam is of waar dit op jou hardeskyf is nie.

Gee TWEE eienskappe/soekfilters wat jy kan gebruik om na die lêer te soek deur die soekfasiliteit van jou bedryfstelsel te gebruik.

Verduidelik kortliks *hoekom* jy elkeen van dié eienskappe/filters sal gebruik. (2)

10.3 Rugsteunkopieë van die toetsrekords van die kursus sal gereeld na die wolk ('cloud') gemaak word.

Stel TWEE maniere voor waarop die skool kan verseker dat data wat na die wolk gerugsteun word, *veilig* is. (2)

10.4 Die rekenaars wat vir die kursus gebruik word, is met VTA's ('SSDs') toegerus. Een van die VTA's ('SSDs') word nie deur 'n rekenaar opgespoor nie.

Bespreek TWEE moontlike maniere waarop die probleem gevind en opgelos kan word. (2)

10.5 Die RTT-onderwyser sal 'n blog met 'n RSS-voer ('RSS feed') gebruik om ouers buite klastyd te help.

10.5.1 Noem TWEE riglyne vir die skep en instandhouding van 'n suksesvolle blog, *buiten* die toevoeging van 'n RSS-voer ('RSS feed'). (2)

10.5.2 Verduidelik wat 'n *RSS-voer ('RSS feed')* is *en* hoekom dit vir 'n gebruiker tyd spaar. (2)

10.6 Die onderwyser wil QR-kodes (soos die een wat hier getoon word) gebruik om inligting met die ouers te deel oor die kursus en die webtuiste wat vir die kursus gebruik gaan word.

Gee TWEE moontlike *nadele* van die gebruik van QR-kodes in hierdie konteks. (2)

10.7 Die volgende vrae is opgestel om die ouers se kennis aan die einde van die kursus te toets:

10.7.1 'n Sigbladgrafiek is as 'n *geskakelde objek ('linked object')* in 'n woordverwerkingsdokument geplak, maar na 'n ruk het die grafiek nie meer reg vertoon nie.

Stel TWEE maniere voor om hierdie probleem op te los. (2)

10.7.2 Beskou die uittreksel hieronder van 'n sigblad wat toets of die ID-nommers (kolom A) die korrekte getal karakters (13) bevat:

| | A | B |
|---|---|---|
| **1** | **ID** | **Korrek** |
| **2** | 9802045081086 | J |
| **3** | 980112003081 | N |
| **4** | 97122500900801 | N |

Watter TWEE sigbladfunksies sal in die formules in **sel B2:B4** gebruik word om die afvoer te kry wat in hierdie selle vertoon word? (2)

10.7.3 Beskou die sigblad hieronder, wat elke werknemer se bonus bereken, gebaseer op die getal items verkoop en die jare wat die persoon gewerk het.

| | A | B | C |
|---|---|---|---|
| 1 | **Getal items verkoop** | **Jare gewerk** | **Bonus** |
| 2 | 100 | 5 | R1 000.00 |
| 3 | 150 | 1 | R0.00 |
| 4 | 200 | 4 | R0.00 |

Die volgende geneste-IF('nested IF')-funksie is in **sel C2** gebruik om die bonus te bereken:

**=IF(A2<100,0,IF(B2>=5,10*A2,0))**

Beskryf watter TWEE kriteria gebruik word om te bepaal of die werknemer 'n bonus kry *sonder* om in jou antwoord direk na die funksie te verwys. (2)

10.7.4 Watter uitwerking sal die byvoeging van die kriterium 'Is Null' op 'n veld hê wanneer 'n databasisnavraag laat loop word? (1)

10.8 Een van die ouers telependel ('telecommutes') (met ander woorde, hy werk van die huis af, in plaas daarvan om by die werkplek teenwoordig te wees).

10.8.1 Gee TWEE algemene voordele van telependel of telewerk ('teleworking') vir die werknemer. (2)

10.8.2 Noem TWEE algemene Internettegnologieë of webnutsmiddels ('web tools') wat dit vir hom kan moontlik maak om steeds aan die klasse deel te neem, selfs al kan hy dit nie fisies bywoon nie. (2)

10.9 Gee EEN voordeel daarvan dat die RTT-onderwyser 'n dataprojektor in plaas van 'n grootskerm-TV-stel gebruik om die kursus aan te bied, *buiten* enige kostefaktore. (1)

**[26]**

**TOTAAL AFDELING C: 50**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V2**

**NOVEMBER 2016**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 150**

**Hierdie memorandum bestaan uit 17 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**VOORSTELLE EN AANBEVELINGS VIR NASIENERS.**

- Verwys dikwels terug na die vrae en hierdie memorandum gedurende die nasiensessie.
- Dit is raadsaam om die vraag dikwels te lees (en te herlees) saam met die kandidaat se antwoord om na te gaan of dit korreleer. Moenie deur die kandidaat se stellings/antwoorde mislei word nie.
- Wees versigtig om nie op sleutelwoorde of algemene stellings te fokus nie, maar lees eerder die hele antwoord. As jy twyfel, lees die hele antwoord, dan die vraag in die vraestel en die antwoord in die memorandum. Vra jouself of jou senior nasiener of die antwoord in lyn is met die memorandum voordat die korrekte punte toegeken word. Byvoorbeeld, die memorandum dui 'goedkoop' aan en die kandidaat se antwoord is 'nie duur nie'.
- Wees bedag op antwoorde op 'n spesifieke vraag wat oorvleuel. In die algemeen word EEN punt per feit toegeken.

**AFDELING A**

**VRAAG 1: MEERVOUDIGE KEUSE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.1 | B | ✓ | 1 |
| 1.2 | A | ✓ | 1 |
| 1.3 | C | ✓ | 1 |
| 1.4 | B | ✓ | 1 |
| 1.5 | B | ✓ | 1 |
| 1.6 | D | ✓ | 1 |
| 1.7 | C | ✓ | 1 |
| 1.8 | A | ✓ | 1 |
| 1.9 | D | ✓ | 1 |
| 1.10 | A | ✓ | 1 |
| | | | **Totaal: [10]** |

**VRAAG 2: PASITEMS**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2.1 | D | ✓ | 1 |
| 2.2 | S | ✓ | 1 |
| 2.3 | R | ✓ | 1 |
| 2.4 | P | ✓ | 1 |
| 2.5 | N/E | ✓ | 1 |
| 2.6 | O | ✓ | 1 |
| 2.7 | F | ✓ | 1 |
| 2.8 | Q | ✓ | 1 |
| 2.9 | H | ✓ | 1 |
| 2.10 | I | ✓ | 1 |
| | | | **Totaal: [10]** |

**VRAAG 3: WAAR/ONWAAR-ITEMS**

| | | |
|---|---|---|
| *(Nota aan nasiener: In Vraag 3.1, 3.2 en 3.5 aanvaar die korrekte term selfs indien 'onwaar' nie verskyn nie. Moet nie enige punte toeken indien net 'ONWAAR' neergeskryf is nie.)* | | |
| 3.1 | ONWAAR, RFID/NVK ('NFC') ✓ | 1 |
| 3.2 | ONWAAR, Koppelkol ('Hotspot') ✓ | 1 |
| 3.3 | WAAR✓ (Aanvaar ONWAAR indien 'n geldige handelsmerk gegee word bv. Google Glasses, TomTom Bandit, Garmin Virb) | 1 |
| 3.4 | WAAR✓ | 1 |
| 3.5 | ONWAAR, Kopiereg/EULA/Intellektuele eiendom✓ | 1 |
| | | **[5]** |

**TOTAAL AFDELING A: 25**

## AFDELING B

### VRAAG 4: STELSELTEGNOLOGIEË

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4.1 | (Web) –blaai sagteware/Blaaier✓ | | 1 |
| 4.2 | • Stadige stelsel werkverrigting/Verbeter stelsel werkverrigting<br>• Om nuwe sagteware te gebruik/Nuwe sagteware vereistes/ Sagteware aanpasbaarheid<br>• Vir ergonomiese redes<br>• Oorwegings rakende fisiese spasie<br>• Stoorkapasiteit benodig<br>• Rekenaar moet in 'n nuwe rol gebruik word, bv. bediener<br>• Groenrekenarisering konsepte soos verbeterde kragverbruik, ens.<br>✓✓(Enige twee)<br>*(Nota aan nasiener: Moet nie enige antwoord oor onklaar hardeware aanvaar nie.)* | | 2 |
| 4.3 | • Enige eksterne/draagbare media<br>• Flitsskyf/USB-stokkie<br>• Hardeskyf/ SSD<br>• Geheuekaart/Interne stoorplek van draagbare toestel, bv. Slimfoon, ens.<br>• Via die Internet/Web<br>• Afstandsondersteuning (‘Remote assistance’)/Via 'n netwerk (waaraan hulle miskien gekoppel is)<br>✓✓(Enige twee) | | 2 |
| 4.4 | • Aanpasbaarheid-probleme<br>• Stadiger werkverrigting/Hoër stelsel vereistes<br>• Moontlikheid van sagtewarefoute (‘bugs’)<br>• Tyd wat geneem word om gemaklik te word met veranderinge aan die koppelvlak/Moontlike verdere opleiding benodig<br>• Bruikbaar/Bekende eienskappe nie in nuwe weergawe beskikbaar nie, ens.<br>✓✓(Enige twee) | | 2 |
| 4.5 | • Vinniger data oordrag<br>• Beter beeldkwaliteit/resolusie/Digitale dataoordrag<br>• Koppel van hoë definisie TV's<br>• HDMI dra beide klank en video oor<br>✓✓ (Enige twee) | 2 | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4.6 | • Voorraadvlakke/-beheer, bv. itemkodes, ens.<br>• Verskeidenheid/Voorbeelde van verkoopsdata<br>• Werkverrigting van kassiere<br>• Produkdata, bv. pryse, ens.<br>• Belonings/Koop/Verkoop neigings, ens.<br><br>✓✓ (Enige twee) | | 2 |
| 4.7 | • Kyk of die sleutel vashaak/Maak die vuil sleutels skoon<br>• Verwyder enige voorwerpe wat miskien op die sleutelbord is<br>• Vervang/Ruil die sleutelbord<br>• Ontkoppel/Koppel sleutelbord/Probeer 'n ander poort<br>• Herlaai die rekenaar<br>• Herlaai die program<br>• Herstel sagteware na 'n vroër punt<br>• Kyk vir 'n virus, ens.<br><br>✓✓ (Enige twee) | | 2 |
| 4.8.1 | Cmd/Ctrl+A ✓ | 1 | |
| 4.8.2 | (Cmd+)Shift+Tab/(Cmd)Ctrl+Pyltjiesleutels ('Arrow keys') ✓ | 1 | 2 |
| 4.9 | • Verseker veiligheid van data<br>• Voorkom ongemagtigde installasie van sagteware<br>• Jy kan per ongeluk kritiese veranderinge tot die stelsel maak/Jy kan per ongeluk vergeet om jou rekenaar sluit ('lock') wat ander sou toelaat om te peuter met die stelsel<br>• Kwaadwillige sagteware kan die feit dat jy ingeteken is met administratiewe voordele uitbuit, ens.<br><br>✓✓ (Enige twee)<br><br>*(Nota aan nasiener: Aanvaar indien leerder verwys na 'n nuwe rekening verpersoonlik van die begin af.)* | | 2 |
| 4.10 | • Die 1.7 MHz moet gemeet word in GHz<br>• Windows 9 is verkeerd (daar was geen Windows 9 nie – moet 8 of 10 wees)<br>• Die 1.56" moet 15.6" wees<br><br>✓✓ (Enige twee)<br><br>*(Nota aan nasiener: Aanvaar indien net die korrekte weergawes van die verkeerde spesifikasies neergeskryf is.)* | | 2 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4.11 | Toepwinkels ('App stores') is webtuistes/platforms waar toeps ('apps') afgelaai/gekoop kan word✓<br>In hierdie geval sou dit wees om 'n toep te kry wat die lêer kan oop maak/Sagteware om die lêer oop te maak wat nie op die toestel beskikbaar is nie✓ | | 2 |
| 4.12 | • Herstel sagteware probleme/programeringsfoute ('issues/bugs')<br>• Bygevoegde sekuriteit<br>• Aanpasbaarheid met nuwe sagteware<br>• Verbeterde eienskappe/funksionaliteit, ens.<br>✓✓ (Enige twee) | | 2 |
| 4.13 | • Moet nie draagbare media (soos flitsskywe) gebruik nie/Wees versigtig wanneer draagbare media gebruik word (skandeer)<br>• Moet nie webtuistes met twyfelagtige inhoud oopmaak nie<br>• Moet nie 'n rekenaar aan sit ('boot') wanneer 'n flittsskyf of CD ingeprop is nie<br>• Moet nie op skakels in 'n e-pos/opwipvensters klik nie<br>• Moet nie 'ongeverifieerde'/roofsagteware ('pirated software') aflaai/installeer nie<br>• Skakel die 'autorun' eienskap van draagbare media af<br>• Moet nie aanhegsels vanaf onbekende e-pos adresse oop maak nie<br>• Skandeer aanhegsels voordat hulle oopgemaak word<br>• Hou alle veiligheidseienskappe aangeskakel, ens.<br>✓✓ (Enige twee) | | 2 |
| | | | **[25]** |

**VRAAG 5: INTERNET-EN NETWERKTEGNOLOGIEË**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5.1 | Draadloos/Wi-Fi✓ | | 1 |
| 5.2 | 'n Netskans ('firewall') beheer/monitor toegang✓ vanaf die netwerk/toestelle na en van 'n ander netwerk (soos die Internet).✓ | | 2 |
| 5.3 | • SoIP ('VoIP')<br>• Kitsboodskappe ('Instant Messaging')<br>• Sosiale netwerke<br>• E-pos<br>✓✓ (Enige twee)<br><br>*(Nota aan nasiener: Aanvaar geldige voorbeelde vir elk van die bogenoemde, bv. Skype/Google Hangouts, WhatsApp/WeChat, Facebook/Google+, Outlook/Gmail, ens.)* | | 2 |
| 5.4 | • Minder stappe om by die inhoud te kom/Hoef nie na die webtuiste te navigeer nie<br>• Vereenvoudigde uitleg en funksionaliteit/Toep is spesifiek ontwerp vir die taak<br>• Onmiddellike kennisgewings via toep<br>• Minder sekuriteitsrisiko's<br>• Verminderde dataverbruik, ens.<br><br>✓✓ (Enige twee) | | 2 |
| 5.5 | Lêersinchronisasie is 'n stelsel/metode om lêers (wat gestoor is op veelvoudige toestelle/verskillende fisiese liggings) konsekwent/op datum te hou.✓<br>Dit is nuttig as toegang dieselfde (nuutste kopie van 'n) lêer vanaf 'n aantal toestelle/rekenaars verkry kan word/Jy werk altyd op dieselfde/enkele weergawe van die lêer.✓ | | 2 |
| 5.6 | • Gebruik 'n herwinningsadres (of geregistreerde adres) met 'n skakel om jou wagwoord te herstel<br>• Stuur 'n boodskap/kode na jou (geregistreerde) selfoonnommer<br>• Vra 'n ('uitdagende, voorafbepaalde') vraag (soos waar jy gebore is, ens.)<br>• Vra vir die laaste wagwoord wat jy onthou, ens.<br><br>✓✓ (Enige twee) | | 2 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5.7 | • Vermy gereelde aflaai van groot lêers/'torrents'<br>• Gebruik publieke datatoegang waar beskikbaar<br>• Pers lêers saam wat oor die Internet gestuur word<br>• Gebruik 'n deurblaaier wat minder data gebruik, e.g. opera mini, etc.<br>• Beperk die hoeveelheid videokonferensies/Vermy swaar stroming ('streaming')/Moet nie gereeld YouTube-video's kyk nie/Stroom video's (soos YouTube) in 'n laer resolusie<br>• Stel bedryfstelsel/sagteware om opdaterings met die hand te doen/Skakel onnodige opdaterings af/Beperk outomatiese opdaterings/skakel mobiele data af wanneer dit nie gebruik word nie/Beperk die outomatiese uitvoer van multimedia<br>• Verseker dat niemand anders op die konneksie abba ('piggybacking') nie/Voorkom bandwydtediefstal<br>• Kontroleer/Monitor/Beperk toeps wat data gebruik<br>• Stel kennisgewings op om jou in kennis te stel van hoë data verbruik, ens.<br><br>✓✓ (Enige twee) | | 2 |
| 5.8 | • Boekmerke/Gunstelinge is net adresse wat 'n gebruiker kies om te noteer, waar die 'History' alle bladsye wat besoek is noteer<br>• Boekmerke/Gunstelinge word gekategoriseer (makliker om te soek)/Die 'History' word chronologies opgeteken (langer om te soek)<br>• Die 'History' kan per ongeluk uitgewis word<br><br>✓✓ (Enige twee) | | 2 |
| | | | **[15]** |

**VRAAG 6: INLIGTINGSBESTUUR**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6.1 | • Geen instruksie oor die formaat wat gebruik moet word vir die datum/Moeilik om datavalidering te implementeer/Formaat nie konsekwent sonder die gebruik van die datumselekteerder ('date picker') nie<br>• Geen aparte selle/kolomme om die respondent te forseer om 'n syfer per sel in te lees/netheid te bevorder/leesbaarheid<br>• Grootte van die blok kan beperkend wees, ens.<br>✓✓ (Enige twee) | | 2 |
| 6.2 | Dit beteken dat dit verpligtend is/vereis word om data in die veld in te lees✓ | | 1 |
| 6.3 | Om 'n korter 'URL' te skep✓ wat makliker is om te gebruik/kopieer/plak/deel/onthou/lees, ens.✓ | | 2 |
| 6.4 | • Wanneer die teikengroep nie toegang het tot rekenaartoestelle of die Internet nie.<br>• Wanneer die teikengroep nie weet hoe om rekenaars te gebruik nie, ens.<br>✓ (Enige een) | | 1 |
| 6.5 | • Filters is nie permanent nie/Filters moet elke keer oorgedoen word/Navrae word gestoor/is permanent<br>• Navrae het 'n wyer reeks kriteria wat gebruik kan word<br>• Navrae laat toe dat sekere velde gekies word om te vertoon<br>• Navrae laat toe dat berekende velde bygevoeg kan word<br>• Verslae en vorms kan op navrae gebaseer word<br>• Navrae verskaf addisionele opsies, bv. Sorteer, groepering, berekeninge, aggregaatberekeninge, ens.<br>✓✓ (Enige twee) | | 2 |
| 6.6 | • Wanneer die resultate van 'n opname spesifiek volgens geslag ontleed/sorteer/gefilter moet word<br>• Geslag kan gebruik word vir datavalidering/verifikasie (om seker te maak dat net 'n spesifieke geslag die vraelys kan voltooi), ens.<br>✓ (Enige een) | | 1 |
| 6.7 | Aanvaar enige voorbeeld of verwysing tot inligting wat nie afhang van tyd nie/wat nie sal verander mettertyd nie✓ bv. Historiese data/feite wat nie sal verander nie. | | 1 |
| | | | **[10]** |

**VRAAG 7: SOSIALE IMPLIKASIES**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7.1 | Hulle verskaf geld vir nuwe projekte met veelvoudige donasies✓ vanaf die publiek ✓ (gewoonlik via die Internet)<br><br>*(Nota aan nasiener: Ken net een punt toe vir skarebefondsing ('crowd funding').)* | | 2 |
| 7.2 | Geo-etikettering verwys na die insluit van posisie/GPS-koördinate✓ van waar die foto geneem is in die metadata/in die lêer.✓ | | 2 |
| 7.3 | • Druk van veelvoudige bladsye per blad<br>• Druk net spesifieke bladsye<br>• Drukvoorskou ('print preview') om foute te vang voor finale druk<br>• Druk in grysskaal ('grayscale')<br>• Druk na lêer/skyf<br>• Druk rug-aan-rug/'back-to-back'/albei kante van die bladsye<br>• Druk in 'draft'/'econo'-modus<br>✓✓ (Enige twee)<br><br>*(Nota aan nasiener: Aanvaar drukker spesifieke funksies wat 'draft' of inkbesparing impliseer.)* | | 2 |
| 7.4.1 | 'Botnet' ('Bots')/ 'Zombie army' ('Zombies')✓ | 1 | |
| 7.4.2 | • Uitvissing ('Phishing')<br>• Spamming<br>• Skimkaping ('Pharming')<br>• Versprei kwaadwillige sagteware bv.virusse, spioenware ('spyware'), 'ransomware', ens.<br>• DDoS ('Distributed denial of service') aanvalle<br>• Onwettige BitCoin-myn, ens.<br><br>✓ (Enige een) | 1 | 2 |
| 7.5 | • Gebrek aan toegang tot tegnologie/werkende hardeware/Digitale skeiding<br>• Gebrek aan tegnologievaardighede om die potensiaal van e-leer te ontsluit/vergroot<br>• Moontlike gebrek aan leiding/toevoer/terugvoering/kontroleer vanaf die onderwyser<br>• Afhanklik van elektrisiteit/batterylewe<br>• Gevoel van isolasie/Gebrek aan menslike kontak/Dra by tot die gebrek aan sosiale vaardighede<br>• Gesondheidsverwante kwessies ('Sit vir baie lang ure'), ens.<br><br>✓✓ (Enige twee)<br><br>*(Nota aan nasiener: Moet nie enige antwoorde met betrekking tot koste aanvaar nie.)* | | 2 |
| | | | **[10]** |

**VRAAG 8: OPLOSSINGSONTWIKKELING**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 8.1 | Merker ('Tag')✓ | | 1 |
| 8.2 | Sou moontlik nie outomaties die webblad vertoon/oop maak in 'n webblaaier nie/Dit sal die kode wys in plaas van die webblad/Sal in 'n teksredigeerder (bv. WordPad)✓ oopmaak | | 1 |
| 8.3 | • Die wydte is vas/gegee as 'n konstante waarde<br>• Nie uitgedruk as 'n persentasie van die wydte van die venster nie<br>✓ (Enige een) | | 1 |
| 8.4 | Selspasiëring ('Cell spacing') verwys na die spasie tussen selle in ('n ry) 'n tabel✓<br>Selafwerking ('Cell padding') verwys na die spasie tussen die inhoud van die sel en die sel se 'grenslyn'✓ | | 2 |
| 8.5 | Indien die AVG funksie gebruik is in die groeponderskrif van die databasis se verslag, sal dit die gemiddelde waarde (vir die spesifieke veld) per groep aandui✓<br>Indien die AVG funksie gebruik is in die verslagonderskrif, sal die die gemiddelde waarde (vir die spesifieke veld) vind vir al die rekords in die verslag✓ | | 2 |
| 8.6 | Tree as 'n plekhouer op vir die (werklike) data/Dui aan waar die data geplaas moet word✓ | | 1 |
| 8.7 | Geldigheidsteks is 'n boodskap✓ wat leiding gee oor wat die toevoer moet wees/wat sal verskyn as die verkeerde toevoer gegee word ✓ | | 2 |
| 8.8.1 | • Gebruik die 'Insert Symbol'-funksie<br>• Gebruik ASCII-kodes, bv. Alt+130<br>• Koppel die letter 'é' aan 'n sleutel op die sleutelbord<br>• Wys sleutelbord toe aan 'n verskillende taal<br>• Gebruik stelsel sagteware verstellings om 'n waarde toe te voeg tot die letter 'e' om 'é' te tik wanneer die sleutel vir langer ingehou word<br>✓ (Enige een) | 1 | |
| 8.8.2 | • Instaleer Franse proefleeshulpmiddels ('proofing tools') /woordeboek<br>• Stel die proefleestaal van die teks/Merk die teks as Frans<br>• Merk die teks as 'not to be checked for spelling'/Selekteer 'Ignore'<br>• Voeg by tot die woordeboek ('nie die beste opsie nie')<br>✓✓ (Enige twee) | 2 | 3 |
| 8.9 | Die funksie sal tel✓ hoeveel selle teks/items wat met 'A' begin, bevat (hoofletters of kleinletters)✓ | | 2 |
| | | | **[15]** |

**TOTAAL AFDELING B: [75]**

## AFDELING C: GEÏNTEGREERDE SCENARIOS

## VRAAG 9

| | | | |
|---|---|---|---|
| 9.1.1 | • Handskrifherkenning-funksies beskikbaar/Geen probleme rakende slegte handskrif<br>• Omgewingsvriendelik<br>• Multimedia kan ingesluit word, bv. Foto's<br>• Vertalingsagteware beskikbaar<br>• Spaar tyd met die inlees van inligting/Hoef nie handgeskrewe verslae oor te tik nie<br>• Makliker om verslae te kommunikeer/deel/herstel<br>• Maklik/Vinniger om toegang tot inligting te verkry<br>• Hoef nie harde kopieë te stoor nie/Minder fisiese stoorplek benodig/Veilige stoorplek<br>• Rugsteun is moontlik<br>• Inligting/Statistiek kan uitgetrek word uit al die verslae<br>• Dokters kan toegang verkry tot pasiënte se rekords vanaf 'n afstand<br>• Datageldigheid is moontlik, ens.<br><br>✓✓ (Enige twee)<br><br>(*Nota aan nasiener: Moet nie goedkoper, vinniger of makliker aanvaar sonder 'n geldige verduideliking nie.)* | 2 | |
| 9.1.2 | • Oordra van lêers deur gebruik te maak van die 'OTG'-konneksie en USB flitsskyf<br>• Geheuekaart<br>• Koppel met 'n USB-kabel<br>• Bluetooth<br>• Wi-Fi direct<br>• NVK ('NFC') (om oordrag van data moontlik te maak)<br><br>✓ ✓ (Enige twee)<br><br>*(Nota aan nasiener: Moet nie antwoorde aanvaar wat aandui dat hulle moet wag tot die bediener weer aanlyn is nie.)* | 2 | 4 |
| 9.2.1 | Om data in te voeg/om te skakel vanaf een na 'n ander toepassing/in 'n verskillende formaat by die program in te voeg ✓ | 1 | |
| 9.2.2 | 'n Gidsprogram ('wizard') is 'n program/sagteware/stel dialoë✓ wat die gebruiker lei/help om 'n taak te voltooi deur die gebruiker deur 'n reeks stappe te neem/wys hulle verskeie opsies ✓ | 2 | |
| 9.2.3 | Toevoeging ('Appending') beteken om die (ingevoerde) rekords by te voeg tot 'n bestaande tabel✓ | 1 | 4 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 9.3.1 | 'n Pad ('path') dui die ligging of gids aan waar die lêer gevind kan word/Dit is die 'roete' deur die lêerstelsel ('file system') na die lêer✓<br>*(Nota aan nasiener: Aanvaar antwoorde wat dui op 'n reeks gidse.)* | 1 | |
| 9.3.2 | Sodat dit maklik is om die lêer te vind indien mens net 'n harde kopie van die dokument het ✓ | 1 | 3 |
| 9.3.3 | Indien die lêer gestoor is in 'n verskillende plek/gids, sal die veld met die nuwe ligging opdateer✓ | 1 | |
| 9.4.1 | • Probeer om nie persoonlike inligting via die Internet te gee nie<br>• Moet nie skakels in e-posse volg vanaf onbekende senders nie<br>• Kontak bekende instansies (soos banke) wat vir inligting vra voordat jy die inligting stuur<br>• Kontroleer 'URL' van skakels in 'n e-pos/Kyk na die skakel deur met die muis oor die hiperskakel te sweef<br>• Maak gebruik van sagteware/IDV-dienste om moontlike uitvissing- aanvalle te stop/identifiseer, ens.<br>✓✓ (Enige twee)<br>*(Nota aan nasiener: Moet nie anti-virus aanvaar nie.)* | 2 | |
| 9.4.2 | • Die e-pos adres wat hulle wou hê was alreeds geneem/alreeds gebruik/Google het hierdie voorgestel<br>• Persoonlike voorkeur/Maklik om te onthou<br>• Om dit uniek te maak<br>✓ (Enige een) | 1 | 3 |
| 9.5.1 | Deelware ('Shareware')/Demo/Proefware('Trialware')/Beta✓ | 1 | |
| 9.5.2 | • Om die program eers te toets (vir geskiktheid) voordat dit gekoop word<br>• Om te kyk of die volle weergawe benodig word<br>• Om te kyk vir gebruikersvriendelikheid/Kwaliteit van die gebruikers- koppelvlak<br>• Om vir aanpasbaarheid met bestaande sagteware/hardeware na te gaan, ens.<br>✓✓ (Enige twee) | 2 | |
| 9.5.3 | 'n Templaat is 'n (voorafbestaande) dokument wat alreeds party van die uitleg/besonderhede het van die vereisde dokument. ✓ Die gebruiker kan net eenvoudig veranderinge maak aan die uitleg soos benodig. ✓ | 2 | 5 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 9.6.1 | • Probleem met aanpasbaarheid van toestelle<br>• Probleem met aanpasbaarheid van sagteware<br>• Benodig meer kundigheid om verskillende toestelle te ondersteun<br>• Groter bekommernis rakende diefstal/verloor van vertroulike inligting<br>• Moontlik groter kans vir misbruik van bandwydte<br>• Moontlike verspreiding van virusse<br>• Kan die netwerk stadiger maak, ens.<br><br>✓✓✓ (Enige drie)<br><br>*(Nota aan nasiener: Moet nie antwoorde rakende koste aanvaar.)* | 3 | |
| 9.6.2 | • Kan Internetspoed verhoog/Berg ('Caches') webblaaie<br>• Kan gebruik word om jou IP-adres weg te steek/Anonieme Internetgebruik<br>• Kan gebruik word om toegang tot webtuistes te monitor/ beperk/beheer.<br><br>✓✓ (Enige twee)<br><br>*(Nota aan nasiener: Moenie 'bied Internettoegang' as 'n antwoord aanvaar nie.)* | 2 | 5 |
| | | | **[24]** |

**VRAAG 10**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 10.1.1 | Boodskapreël ('Message rule')✓ | 1 | |
| 10.1.2 | • Probleem met IDV ('ISP')/Internet Diensverskaffer<br>• E-pos mag as gemorspos ('spam') gemerk wees/Geplaas word in gemorspos ('junk mail') afdeling<br>• Nie genoeg stoorplek nie/Inboks is vol<br>• E-pos aanhangsel mag te groot wees<br>• Gestuur na die verkeerde e-posadres<br>• Adresse is geswartlys ('blacklisted')<br><br>✓ (Enige een) | 1 | 2 |
| 10.2 | • Datumreeks (onlangs afgelaai)<br>• Grootte (die tendens is dat video's groot is)<br>• Lêertipe/Lêeruitbreiding (soek vir videolêers, bv. MP4, ens.)<br>• Gedeeltelike naam van 'n lêer (indien jy dink jy onthou of kan raai wat 'n gedeelte van die lêernaam is)<br><br>✓✓ (Enige twee)<br><br>*(Nota aan nasiener: Moet nie die inhoud van die lêer of die 'hele' lêernaam op sy eie aanvaar nie. Ken 'n punt toe per eienskap of motivering tot 'n maksimum van twee punte)* | | 2 |
| 10.3 | • Gebruik wagwoorde op lêers<br>• Gebruik enkripsie op lêers<br>• Gebruik 'n 'zero-knowledge' wagwoordbeleid<br>• Gebruik 'n veilige konneksie<br>• Lêerweergawes ('File versioning')<br>• Gebruik 'n geloofwaardige maatskappy<br>• Maak seker dat data nie gedeel word nie, ens.<br><br>✓✓ (Enige twee) | | 2 |
| 10.4 | • Kyk na konneksies<br>• Ruil uit met 'n ander SSD<br>• Onversoenbare lêerstelsel<br>• Toets SSD op 'n ander stelsel/'Disk management'<br>• Herlaai ('Reboot')<br>• Toets in 'Safe Mode', ens.<br><br>✓✓ (Enige twee) | | 2 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 10.5.1 | • Dateer gereeld op<br>• Gebruik interessante titels<br>• Toepaslike inhoud vir die teikengroep<br>• Wees interaktief met lesers/kommentaar<br>• Gebruik informele taal/Gebruik taal wat maklik deur die teikengroep verstaan sal word<br>• Gebruikersvriendelike uitleg, ens.<br><br>✓✓ (Enige twee)<br><br>*(Nota aan nasiener: Moet nie antwoorde aanvaar wat verband hou met spaar van tyd of RSS-voere nie.)* | 2 | 4 |
| 10.5.2 | RSS-voere voorsien 'n gebruiker met op-datum informasie vanaf die blog/webtuiste/Kennisgewing van nuwe inhoud.✓ Daar is dus nie nodig om die blog oop te maak nie/Alle opdaterings/kennisgewings word outomaties uitgestuur✓ | 2 | |
| 10.6 | • Moontlike behoefte aan bekendheid met/kennis van QR-kodes onder die ouers<br>• QR-kodes maak staat op die beskikbaarheid van draagbare toestelle om die kode te skandeer/Moet die regte sagteware hê om die kode te skandeer<br>• Vat tyd om te skandeer<br>• QR-kode mag miskien nie so interessant wees soos normale advertensies nie<br>• Moontlike wantroue/sekerheidsprobleme – nie seker na watter webblaaie jy gestuur word nie, ens.<br><br>✓✓ (Enige twee) | | 2 |
| 10.7.1 | • Kyk of die sigblad wat as bron gebruik is geskuif/geskraap is vanaf die oorspronklike ligging<br>• Kyk of die skakel verlore/gebreek is omdat dit geskuif is vanaf 'n ander rekenaar<br>• Maak die data in die sigblad reg wat as bron gebruik word indien dit al verander was<br>• Verfris met die hand/Dateer die skakel op, ens.<br><br>✓✓ (Enige twee) | 2 | |
| 10.7.2 | IF ✓ LEN ✓ | 2 | |
| 10.7.3 | Die werknemers kry net 'n bonus indien hulle 100 of meer eenhede verkoop het✓ en moet vir ten minste 5 jaar werk.✓<br><br>*(Nota aan nasiener: Moet nie net 'n eenvoudige herbewoording van die funksie aanvaar nie, bv. Years Worked>=5)* | 2 | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 10.7.4 | Net inskrywings waar die veld geen waardes in het nie/wat 'leeg' is sal vertoon word ✓ | 1 | 7 |
| 10.8.1 | • Werknemer kan meer buigbare ure werk<br>• Werknemer mag omgewings/sosiale kwessies in ag neem soos minder besoedeling en verkeer op die paaie, ens.<br>• Moontlikheid van minder afleidings as in 'n formele kantoor omgewing/Moontlikheid van meer produktiwiteit/Vermors nie tyd deur te reis nie<br>• Telependelaars ('Telecommuters') mag 'n meer informele/'rustige' omgewing om in te werk, verkies<br>• Spaar op vervoerkoste en geskikte klere vir werkomgewings, ens.<br>✓✓ (Enige twee) | 2 | 4 |
| 10.8.2 | • Konneksie van 'n afstand af/VPN instrumente bv. TeamViewer, R(emote)admin, ens.<br>• SoIP instrumente bv. Skype, ens.<br>• Kitsboodskap programme bv. WhatsApp, ens.<br>• Wolkbergingsfasiliteite bv. OneDrive, Dropbox, ens.<br>• E-pos bv. Gmail, Outlook, ens.<br>• Lewendige stroming ('Live streaming')<br>• LMS-stelsels bv. Moodle, Google Classroom<br>• Sosiale media bv. Facebook groep<br>• Webkonferensiesagteware bv. WebEx, Office Live Meeting, ens.<br>✓✓ (Enige twee)<br>*(Nota aan nasiener: Aanvaar een gepaste voorbeeld van elke kategorie van Web/Internet instrumente.)* | 2 | |
| 10.9 | • Groter/Skaalbaarheid (vergroot of verklein) van die skermgrootte/Beter vir groter ontmoetingsplek/gehoor<br>• Draagbaar/Maklik om op te stel in verskillende plekke, ens.<br>✓ (Enige een)<br>*(Nota aan nasiener: Ignoreer enige faktore rakende koste.)* | | 1 |
| | | | **[26]** |

**TOTAAL AFDELING C: 50**

**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou